Gestig 1992

Die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub

Januarie 2024 Nuusbrief No. 97

INHOUD

In memoriam 2
Selfs as hy speel, speel hy nie. 3
Olifantsrivier presteer 4
Swartland in die somer 6
Victoria stilstaande enjin 8
Die Chamberlain trekker 9
Die 100 David Browns byeen 11
Nuusbrokkies 12
Allerhande Admin 13



Baie perdekrag vir die heel eerste stropers in die VSA.

Ons groet die onmisbare Ansa Giliomee...

Deelnemers aan skoue het vir Ansa, die eggenoot van Herman, geken vir haar administratiewe vaardighede in die skoukantoor. Sy het vir baie jare inskrywings en die verwerking van uitslae hanteer asof dit die mees alledaagse ding was om te doen. Dié werk het sy gedoen waar ookal die skou in die Wes-Kaap gehou is. Selfs op 'n nasionale skou in 'n ander provinsie moes sy al uitspring (eintlik ingryp!).

Ansa het 'n massiewe beroerte gehad en na ses dae in 'n koma is sy oorlede. Mense sê maklik niemand is onmisbaar nie, maar vir die Wes-Kaapse klub was sy die een sonder wie die komitee en die sekretaris glad nie kon klaar kom nie.

Die Wes-Kaapse komitee wil sy meegevoel met Herman en hul kinders en kleinkinders betuig met die heengaan van hierdie omgeemens wat elke moontlike taak geesdriftig aangepak en doeltreffend afgehandel het, soms onder groot druk.



Die waentjie en kapkar hiernaas is jare gelede op Knysna gemaak.

Die eerste eienaar se kinders het dit flenters gespeel. Kobus Groenewald het dit vir sy museum gekoop en Herman moes dit restoureer.

Ansa het die naaldwerk gedoen. Die "seil" van die wa en kar lyk dus net so netjies soos die houtwerk. Hierdie was Ansa se laaste gehalte-werk vir bewaring en word reeds in Kobus se museum op Riversdal uitgestal.

Koos Erasmus op Villiersdorp oorlede

Nog 'n staatmaker van die Wes-Kaap, Koos Erasmus (sittende) is onlangs oorlede. Eers was dit Francois (staande) in die Covid tyd, toe Klein-Francois en nou Koos, wat soos Klein-Francois weens 'n hartaanval gesterf het.

Die Erasmusse was stigterslede van die Villiersdorp-klub op wie die klubbestuur altyd kon reken as werk uitgedeel is. Tydens gewone skoue het hulle behalwe hul uitstallings enige werk gedoen om sake te laat vlot. Geen werk was vir hierdie vooraanstaande boere te nederig nie.

Koos se humorsin was ook legendaries. Toe Koos, wat erg gehakkel het, eenkeer 'n ensilinder trekker hoor werk, sê hy die ding loop soos hy praat.



Pieter Roux van Malmesbury — selfs as hy speel, speel hy nie!

Pieter het in 1965 as vakleerling by Spilhaus in Malmesbury begin. Binne die minimum tyd was hy volledig gekwalifiseer en ses jaar later was hy die werkswinkelbestuurder daar.



Sy jarelange belangstelling in skep en restoureer het begin toe hy op ’n dag on 1968 ’n International trekker, splinternuut op die mark, van Parow af Malmesbury toe moes bestuur. Teen die tyd dat hy op Malmesbury aangekom het, het hy vas besluit dat hy vir hom ’n miniatuur van daardie kragtige bul gaan maak.

Binne ses maande was sy X27 kant en klaar. Die 27 verwys na die 27 verskillende stukke plaasgereedskap en masjienerie waar hy die onderdele moes bymekaarskraap. Net om te wys dat hy nie ’n speeding maak nie, het Pieter draairemme en ’n volledige driepuntstelsel ingesluit in sy ontwerp.

Pieter het ook vir kleiner trekkers ’n vibrasie-“ripper” ontwerp wat d.m.v. die kragafnemer werk. Hy het dit gepatenteer, maar omdat daar nie fondse was om die produk op groot skaal te vervaardig en te bemark nie, moes hy sy patentreg laat vaar.



As ’n wiel kan draai, kan Pieter daarmee presteer! As tydrenner was hy so goed met sy Volvo 122S dat hy later met ’n geborgde Toyota kon deelneem. En net om te wys dat hy ook kan 4X4, bou hy toe vir hom een. Die onderstel, glasveselbakwerk en viergangratkas het hy self gebou. Die Volvo-enjin sit verkeerdom agter die sitplek; die ratkas in die neus. Met al die oordragkaste wat nodig was om die krag by die vier wiele te kry, het die voertuig 32 gange vorentoe en 8 tru.

Die vier wiele aan die Land-Rover asse kan elkeen sy eie hoogte oplig, en dan is die ander drie steeds op die grond.



Maar deesdae ken die meeste mense vir Pieter as ’n “trekkerman”. Hy is ’n lid van die Swartlandklub en het sy klub verteenwoordig wanneer en waar hy kon. Pieter het al vyf trekkers behoorlik gerestoureer en met elkeen al pryse gewen. Met die B450 hiernaas het hy in 2014 by die Wes-Kaapse skou op Malmesbury ’n eerste plek behaal. Die ander trekkers wat hy ’n nuwe lewe gegee het, was ’n Farmall H, ’n Farmall 100, ’n Moline U en ’n Fordson Major.

Pieter het ook al saam met vriende ’n eie onderneming gestig en suksesvol bestuur.

Jan Burger, 'n staatmaker van die Olifantsrivier-klub op die uithoek van die Wes-Kaap, het die Uithoek-Museum op Citrusdal tot stand gebring.



Uithoek en uithoek? Nee, dis nie Jan wat met woorde speel nie; Uithoek is die plaas waarvandaan die eerste van sy sowat 50 veteraan-trekkers afkomstig is. Dis die plaas van sy skoonfamilie langs die Vloorvlei in Elandsbaai se wêreld.

Die museum is 'n volwaardige museum en nie 'n stoorplek vir sy eie en ander mense se ougoed nie.



Jan en sy gesin versamel bewarenswaardige items, Nico Lubbe — klub se grondlegger — se versameling gereedskap is daar opgeneem, sowel as 'n deel van die versameling wat in die plaaslike NG Kerk se museumpie was. Die feit dat die gemeente en sommige plaaslike inwoners hul waardevolle stukke aan Jan-hulle toevertrou, bevestig die vertroue wat hulle in die Burgers het.



Jan het nog nie al sy trekkers gerestoureer nie, maar dié wat al op skoue uitgestal is, het pryse gewen, hoewel pryse nie Jan se primêre doel met restourasie is nie.



Provinsiale museums móét 'n sentrale tema hê, maar hierdie privaatmuseum het ook een, naamlik die lewe en werk op die Wes-Kaapse platteland. Ons kan maar net hoop dat die plaaslike toerisme-mense sal besef dat hierdie museum die plaaslike aanbod uitbrei. Op die Burgers se samewerking kan hulle staat maak.

'n "Landboumuseumbesoek" aan Citrusdal raak 'n sterk moontlikheid as jy onthou dat die Van Wyks se baie groot versameling John Deeres minder as tien kilometer van die dorp af te sien is.

Met Jan-hulle se dryfkrag en die netjiese privaat sportterrein sal dit ook sin maak om 'n klubskou daar te oorweeg.



Olifantsrivier vier die inwyding van "hul" museum met die lekker jaarlikse bymekaarkom.

Die bestuur van die Olifantsrivier-klub sorg dat sy lede genoeg geleenthede per jaar het om hul trekkers en mekaar se geselskap te geniet. Op verlede jaar se kalender het die opening (Vrydagaand 29 September) van die Ulthoek-museum van Jan Burger saamgeval met die jaarafsluiting die volgende dag. Die rit na die Bo-rivier wyk het weens ligte reën nie heeltemal tot sy reg gekom nie, maar aan die saamkuier het niks ontbreek nie. Gelukkig het die reën ook nie voorkom dat die R42 000 wat die klub laasjaar vir die plaaslike huis vir bejaardes ingesamel het per John Deere 730 afgelewer kon word nie. Só moet dit mos wees.



Van links: Nico Lubbe (stigter en voorsitter 1) Sakkie Koegelenberg (vs.2) Brandon Lubbe (vs. tans) Jan Burger (voorvatter # 1)



Jos van der Merwe het die Vrydag sy Ford klaar gerestoureer, die aand het hy en sy vrou die opening van die museum bygewoon en die Saterdagoggend sy juweel na die byeenkoms geneem. En toe die mees besondere inskrywing van die dag aangewys word, was die 8600 die wenner.

Dié Ford gaan nog diep spore in die Wes-Kaap trap, al mag trekkers deesdae nie meer diep spore trap nie!

Die OLIFANTSRIVIER-KLUB is in 2002 formeel gestig en het 'n trotse geskiedenis.

Die eerste oesdag in die Wes-Kaap is in 2000 op die Nardouwsberg by Clanwilliam gehou;
Klublede is baie goeie ondersteuners van die jaarlikse skou, al moet hulle baie ver ry daarvoor. Dan word die grootste enjin in die Wes-Kaap sowel as 'n paar trekkers van Clanwilliam af saamgebring en uitgestal;
Olifantsrivier het al gelyktydig vyf ysterwieltrekkers laat ploeg;
Die enigste Lanz kruiper wat gereeld op 'n Wes-Kaapse skou vertoon word, behoort aan een van hul lede;
In die klub se gebied langs die Olfantsrivier is daar nou al twee formele museums by Citrusdal en ten minste een groot versameling trekkers en enjins op Clanwilliam.



Jan Burger weet baie goed hoe graag kinders op skoue wil saamry, maar hy weet net so goed dat Savtek se reëls weens die gevaar daarvan dit verbied. Toe maak hy maar 'n waentjie. Nou is die kinders tevrede en die veiligheidsbeampte wat sy werk ken, het rus vir sy siel.

In die somer het die Swartlanders gewoonlik 'n oesdag, maar einde verlede jaar het hulle 'n skou(tjie) gehou.

Alles was naastenby soos by 'n klubskou, maar net baie minder items. Die groot verskil was dat daar geen beoordeling van enige aard was nie.



Deelnemers aan die EERC wat uitgestal het, was (van links): Francois van Rooyen, Gustav v.d. Westhuizen, Le R. du Toit en Bernard Badenhorst



Philip Gray-Taylor van Kaapstaf het drie Wolseley enjins gebring.



Besoekers kon ook 'n paar klublede se Erfgoed geniet.



Gustav v.d. Westhuizen het 'n besondere New Way "hit-n-miss" petrol-enjin van ten minste 110 jaar oud uitgestal. Gustav restoureer nou professioneel.



'n Ongewone gesig is om vir Freddie Truter op iets anders as 'n Ferguson te sien... Maar hierdie Farmaal H is syne!



Jy kan verwag om op enige trekkerskou op Malmesbury 'n klompie goed opgepaste motors en bakkies te sien.

SWARTLAND

maak harte bly

met Kersoptog











Die Swartlanders het besluit dat hulle meer betrokke wil raak in hul gemeenskap. — Projek #1: 16 Desember 2023.

Ry op hul versierde trekkers en ander veteraanvoertuie deur dorp en deel lekkers uit aan kinders langs die strate. Lekkers geborg deur o.m. die Rotatiërs.

Ná die tyd het hulle op die skouterrein bymekaargekom en die aand verder geniet. Heelwat dorpenaars het met die trekkermanne meegedoen.

KYK

https://youtu.be/hc_LjBjeU4c

Die Victoria stilstaande enjin

het maar 'n kort produksietyd gehad.

Derick Kleynhans van Riversdal het as klein kind gereeld 'n Victoria enjin sien werk. Toe hy in later jare enjins begin versamel en restoureer het, wou hy baie graag ook 'n Victoria aanskaf. Hy het jare gesoek, en onlangs kry hy toe sommer twee wat hy by sy versameling van meer as 200 enjins kon voeg.



Goed genoeg vir 'n tuinornament, ook goed genoeg vir restourasie.

Nog 'n storie van mense wat onverwags op 'n Victoria afgekom het, was twee versamelaars wat in Spanje op 'n 3-perdekrag enjin afgekom het wat 45 jaar onder die grond begrawe was en amper as skroot verkoop is. Natuurlik was die enjin erg geroes en het baie onderdele ontbreek, maar die versamelaars was in hul noppies.

Maar hoekom kan 'n mens dan in sy noppies wees oor 'n stuk geroeste enjinblok?

Die Victoria is deur die Bristol Wagon & Carriage Works vervaardig. Dit was 'n ou Engelse firma wat eers ná die Anglo-Boere-oorlog enjins by sy produkreeks gevoeg het. So tien jaar later het Lister en 'n paar ander vervaardigers die mark begin oorheers en is die vervaardiging van die Victoria gestaak. Elke Victoria in besit van 'n versamelaar vandag is dus ten minste 110 jaar oud.

So ver bekend is 'n 3- en 5-perdekrag hit-n-miss paraffienenjin gemaak.

'n Victoria aan die werk:

https://www.youtube.com/shorts/7X01q7_WOaw?feature=share



Australia had a proud local tractor manufacturing tradition, but it was killed by one of the biggest players in the field.

Australia's Earliest Tractors

The first Australian to be credited as a tractor manufacturer is A.H. McDonald, who made the Imperial Oil Tractor in 1908. The first tractor to be used on Australian soil is believed to be an Ivel tractor from England. That was in 1903.

Two years before McDonald's tractor became available to the public, the Caldwell brothers began work on their revolutionary four-wheel-drive tractors, which were released around 1910 after joint support from Henry Vale to create Caldwell-Vale Motors. It is believed that their creation was one of the first tractors with four-wheel power steering in the world. Information on this project is virtually non existant.



A.H. McDonald's Imperial Oil tractor

Chamberlain Tractors

Chamberlain tractors were initially produced by Chamberlain Industries Ltd. The firm's aim was to produce a tractor entirely suited to the large land holdings of Australian farmers.

While Bob Chamberlain was working as a tractor mechanic in Victoria he designed a tractor and built a prototype tractor around what he believed farmers wanted. It became the basis of the 40K model tractor.

The Western Australian Government having heard of Bob Chamberlain's plan to build tractors persuaded the Chamberlains to use an ex-munitions factory. The first tractors rolled off the production line in 1949.



The tractors that made Australian farmers proud.

The Chamberlaine tractors that established the firm as a reliable and compotant manufacturer in Australia,
the 40 K (paraffien)
and the 55D (diesel).

Note the twin-cylinder horizontally-opposed engine of the first series.

Chamberlain was the largest local manufacturer of tractors in Australia. International Harvester tractors were also locally made while all other brands were imported either fully assembled or in knockdown-form.

Chamberlain tractors were first sold in Australia in 1949 and over the next 37 years, 53,000 tractors were produced using the Chamberlain brand name.

The first tractors were the model 40K which was a tractor fitted with a Chamberlain twin-cylinder horizontally-opposed engine that ran on kerosene and produced 40hp at the flywheel. The strongest "real" Chamberlain was the Super 90, produced from 1962 to 1967.

Chamberlains were produced as a result of the Australian Government's desire to encourage local manufacturing after WW2.

The Government's aim was to increase the capacity of local manufacturing, provide jobs for returned service personnel and supplying tractors for the many new farms that were being created under various Soldier Settlement Schemes that were being developed.

In 1970 the Chamberlain Company went into a merger with Deere and Company and the John Deere influence was soon apparent with Chamberlain tractors using John Deere engines.

The last Chamberlains produced were the 90 Series tractors that were manufactured between 1985 and 1986. They were virtually John Deere clones.

The cab interior has a distinct John Deere feel as the dash and tilting steering column and wheel are identical to John Deere tractors of the same era. All gauges, colour coded control levers, switches and pedals all look to be of John Deere origin.

The 90 Series were the first Chamberlain tractors that could be fitted with an optional mechanically driven front-wheel-assist kit.

Links to interesting videos about Chamberlain on the next page.



The Super 90 with a 3cyl. Detroit engine.



As a publicity stunt Chamberlain entered their first diesel (Perkins) in the Mobilgas Redex Around Australia rally in 1955. The tractor was fitted with the biggest crown wheel and pinion that could fit in the housing and could reach just over 100 kph.

Eventually the tractor became the sweep/rescue vehicle and completed the race in 19 days.

Tail-End Charlie is currently on display in a tractor museum. It is still licensed and used during special events.



John Deere?

Chamberlain!

Skakels na ’n verskeidenheid video’s oor die Chamberlain trekkers:

1950-s nuus-/advertensiefilm: https://youtu.be/ueBrpEUoGrQ
Australië se trekkergeskiedenis – https://youtu.be/DC5Yp-0p-ug
Chamberlain knakker (**1000+ gemaak**) https://youtu.be/6w-ZnkeXI7c
Chamberlain knakker op skou https://youtu.be/ggif_0uOx7s
Oorspronklike Tail-End Charlie https://youtu.be/1Pm6k2ql2iQ
Tail-End Charlie – replika: https://youtu.be/wWYZ8teinBg
Selfgemaakte 12-wiel-knakker: https://youtu.be/6w-ZnkeXI7c

NUUSBROKKIES





Napier,
5 Augustus
2023

In Augustus verlede jaar is daar op Napier ’n groot makietie gehou ter ere van die digter/skrywer **Wilma Stockenström**. ’n Straat is toe ook na haar vernoem.
Ons trekkermanne het ingewillig om aan die optog van veteraan-voertuie deel te neem.
Julle sien, ons help bewaar nie net ons landboukultuur nie, as ons gevra word, help bewaar ons ook ons “regte” kultuur. Dankie!



Onse Andy Selfe (tweede van links) en sy kollegas werk nou al amper drie jaar om Mostert se Meul na die verwoesting te herstel. Hierdie vier leiers saam met die burgemeester van Kaapstad afgeneem nadat hulle die Burgemeesters-medalje ontvang het vir die onnavolgbare heldedaad wat baie mense nié sal verstaan nie.

“Boukomitee” van Vriende van Mostert se Meul, van links:
John Wilson Harris (gebou) Andy Selfe (meul), burgemeester Geordin Hill-Lewis, John Hammer (voorsitter) en Clive Thorpe (tesourier).
Baie interessant om te weet, is dat John Hammer die voorsitter is wat die hele projek moet stuur en bestuur, maar hy tree op as Andy se handlanger. Wat sê dit: **’n Ware leier lewer diens en soek nie na eer vir homself nie!**

Uiteindelik!
100 David Browns bymekaar op Montagu.

Baie van ons lede sal nog goed onthou van die heerlike geleentheid, en die ophef wat daarvan gemaak is, toe 100 veteraan-trekkers (en ’n span osse) in 1999 op Sandstone in die Oos-Vrystaat gelyktydig geploeg het — The Great 100 Working.

Toe was die wiel aan die rol vir GETALLE. Wat volg is toe die “400” op Sandstone, so by die 700 (en ’n klompie bygelieg) in Australië en naastenby 1000 in Ierland. En toe bedaar die koors...

Laasjaar het ’n klomp entoesiaste onder leiding van Jamie Klem 100 David Browns bymekaargemaak ter ere van Johnnie Verreynne se 80ste verjaardag. Die laaste trekker op die perseel was die 100ste!
Watter uitdaging is volgende?











Banksake, ledegeld en kommunikasie:

Tesourier Janice Rheeder sukkel om almal se ledegeld in te samel.

Help haar, kleinklubs/onafhanklike lede! Sy werk voltyds en die klub moet nie haar taak bemoeilik nie.

Die maklikste deesdae om te betaal: **EFT**.

Maak asseblief net seker dat jy die tesourier verwittig.

Standard Bank, Paarl – 051 001
Die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub · 310 370 809

Hou jy getrou jou kommunikasiebesonderhede op datum?

- Voorsitter: Johannes Uys: 082 552 5491; johannes@mme.co.za
- Tesourier: Janice: 083 441 9257; weskaapveteraanklub@gmail.com
- Sekretaris: Kobus Kuyler: 082 334 5665; kkuyler@pnp.co.za

BELANGRIKE DATUMS

20 Januarie: Savtek se raadsvergadering op Cradock.

9 Februarie: Suid-Kaap se jaarvergadering op George

9 Maart: Wes-Kaap se komiteevergadering op Villiersdorp

8,9,10 AUGUSTUS: SAVTEK se NASIONALE skou saam met die Wes-Kaap se jaarlikse skou op VILLIERSDORP.



Ik wens jullie

voor 2024

De kracht van deze klapstoel
En de moed van deze hond

beste wense vir

2024